Gevangenisskap-genade

Teks: Psalm 106: 1 - 48
Teksvers: Psalm 106 : 3, 46

1. Inleiding

Wanneer ons Here Jesus Christus In Matteus 25 oor die wederkoms praat, verwys Hy ’n paar keer na ’n gevange in die tronk wat besoek word, of dan nie besoek word nie. En onmiddelik trek ons as aanhoorders die neus op. Mense wat in gevangenskap opgesluit is, is mos nie goeie mense. Dit is nie die tipe mense waarmee of waaraan ek moeite wil spandeer nie. Hulle het mos hulle keuse gemaak, om betrokke te raak in een of ander kriminele aktiwiteit. Nou het hulle die loon op hierdie optrede ontvang.

Op ’n manier is dit presies die konteks van ons teksgedeelte vandag. Maar dan met die groot verskil dat dit nie die Here Jesus is wat in gevangenskap sit nie, maar ons. En dit opsig self is ook dan weer ’n nuwe verleentheid. ’n Gelowige in gevangenisskap? Is dit darem nie deel van daardie growwe sondes wat nie welkom in die gemeenskap van gelowiges is nie? Natuurlik praat ons poëties en beeldend, want ons is per slot van sake tog besig met ’n Psalm.

Maar in lyn met die natuur van die Psalms, tref ons ook die ander eienskap aan naamlik lof aan die Here. Ons Psalm begin en eindig met die woord Halleluja of dan Prys die Here. Hoe kan die Here geprys word uit gevangenisskap? Tog weet ons dit is presies wat Paulus en Silas in Handelinge 16 gedoen het. Maar kom ons begin eers by die begin, anders mis ons ongelooflike genade wat beskryf word in Psalm 106. Ons ons begin letterlik by die begin, by die Here as Skepper van die heelal, en dan vorder ons van daar af aan na die gevangenskap.

2. Skepper en onderhouer van die heelal

Soos ons gesê het kom ons begin by die begin, of in die taal van Openbaring die Alfa gedeelte van Alfa en omega. Trouens dit is ook presies waar ons teksgedeelte begin. Halleluja of prys die Here is letterlik die eerste woorde in ons teksgedeelte. Maar dit is juis in hierdie opsig wat ervaring, vir baie van u wat al jare die geloofspad ook stap, dinge duideliker maak. Natuurlik is ’n nuwe bekeerling dankbaar en vol lof vir sy/haar verlossing. Maar het ’n deurleefde ou geloof nie soveel meer om oor dankbaar te wees en te loof nie?

Ons glo en bely dat God die Vader die skepping aan die begin uit niks uit skep nie. Maar verskeie wetenskaplike denkrigtings deur die eeue, veroorsaak uiteindelik deïsme as oortuiging. Dit behels die siening dat God die skepping noukeuring aanmekaar gesit het soos ’n groot masjien, en dit toe bloot aangeskakel het. Daarna het die skepping maar sy loop geloop, sonder enige ingryping of verandering deur God. Maar so ’n siening is nie net onbybels nie, maar ook nie waar nie.

Want indien so ’n siening waar is, kon ons maar die hele vers 2 - 47 uit ons teksgedeelte geskrap het vandag. Want dan gaan alles uiteindelik net oor God en hoe Hy beplan het, en laat gebeur het. Die mens is dan weinig meer as ’n stok in die speek van die wiel van die masjien gedruk word. Tog weet ons dat die waarheid is, dat God intens betrokke is by elke oomblik van die skepping. Hy hou die ganse skepping en ook vir ons so in Sy hand, dat alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

Selfs die hare op ons hoof is alma indivueel deur God getel, en Hy weet wanneer slegs net een van hulle verlore gaan. Maar wat dan wanneer die mens nie God eer, en Sy wil gehoorsaam nie?

3. Onverdiende genade

Waar ons in die vorige punt op die Here, gefokus het fokus ons in hierdie punt op die mens. En die oortuigings en optrede van die mens in ons teksgedeelte is nie ’n rede vir ’n loflied nie. In ons eerste teksvers, vers 3 word die korrekte optrede uitgespel. Geregtigde en regverdige optrede sal die mens in die guns van die Here hou. Dit sal selfs voorspoed vir die mens kan bewerkstelling. Maar dan volg vers 4 tot 43. Van vers 4 tot vers 43 word die mense, spesifiek die volk Israel se geskiedenis onthou. Reg van Egipte af, deur die woestyn tot in die beloofde land. Maar dit wat onthou word van die voorvaders, is nie goed nie. Dit is nie regverdig en geregtig nie. Nee inteendeel is dit geskiedenis van mense wat

keer op keer die bevele en opdragte van die Here verontagsaam. Wat die heeltyd hulle rug op die Here dra agter ander afgode aan.

Nou as regverdige en geregtigde optrede in ver3 seën en voorspoed uit die hand van die Here kan bewerkstellig, is die teendeel geen verrassing nie. Onregverdige en ongeregtige optrede teenoor die Here verdien die toorn en straf van die Here. Dit is tog net regverdig. Dit is juis hierdie oortuigings en optrede wat ons so ongemaklik maak vandag. Want as ons eerlik ons eie lewens ondersoek, herken ons dikwels hierdie ongeregtighede.

Maar hierdie Psalm is uiteindelik nie ’n loflied gefokus op die regverdigheid van God nie. Want alhoewel God geheel en al goed en regverdig is, is Hy ook barmhartig. In Sy toorn en oordeel, vee hy nie eenvoudig al die mense van die aarde af nie. Anders sou die geskiedenis natuurlik nie alreeds 45 verse lank gewees het, in ons psalm nie. Nee, by God is daar genade, onverdiende genade.

4. Selfs uit en in vreemde oorde

Die groot onverdiende genade van die Here bring ons uiteindelik by ons tweede teksvers. Terug by die ongemaklike situasie waarmee ons begin het, gevangenskap. Die volk is uiteindelik in ballingskap weggevoer oor hulle ongeregtihede en verkeerde optrede. In Ballingskap was hulle letterlik gevangenis van die volke wat hulle oorwin het. Maar dan sien ons iets uniek in hierdie gevangenskap. Vers 46, ons teksvers beskryf dit as medelye wat betoon word aan hierdie mense deur mense wat hulle gevange hou.

Ons ken ook hierdie geskiedenis van die volk in die Bybel in boeke soos Daniël en Esra en Nehemia. Die Here wat nie Sy mense vergeet nie. In die ondraaglike situasie van Ballingskap, kom daar genade uit vreemde oorde. Die hand wat hulle verdruk is dikwels ook juis die hand wat medelye met hulle het. Natuurlik is die genade van die Here, wat Hy selfs deur hierdie heidene bewerk vir die mense wat Hy lief het. Maar volkome verlossing sou uiteindelik nie deur ’n heiden kon geskied nie.

Nee, volkome verlossing kom uit ’n ander vreemde oorde. Ons Here Jesus Christus kom na die aarde, en Hy word mens. Hy kom leef volmaak geregtig en regverdig. Hy doen dit sodat Hy uiteindelik ons straf op Hom kan neem. Die dood wat ons verdien het as straf vir ons sondes, neem die Christus op Hom. Hy oorwin dan uiteindelik hierdie dood vir ons. Daar is uiteindelik groot medelye juis van Hom wat ons eintlik met die dood moet straf, God die almagtige Vader.

En dit is uiteindelik waaroor die lof in ons Psalm vandag gaan. Nie oor die mens en sy vermoëns en prestasies nie, want daar is niks waaroor ons kan roem voor God nie. Dit gaan uiteindelik oor God wat juis getrou bly aan Sy liefde vir ons, ondanks ons ondankbaarheid en afgodery. Dit gaan oor God wat uit alle volke steeds vandag vir Hom ’n uitverkore volk bymekaar maak en red.

5. Slot

Ons kan hierdie preek op ’n praktiese noot afsluit. Ons leef vandag in ’n wêreld wat selfs in die geloof so maklik weghardloop met voorspoed en sukses. Prestasies en vermoëns word selfs in geestelike kringe so maklik die afgode. Uiteindelik word selfs die geloof, net ’n stuk gereedskap om hierdie afgode te kan bekom. Daarom is selfs georganiseerde godsdiens so behep met sogenaamde glansgelowiges wat besonder goed lyk in die wêreld se maatstawe.

Maar dit is uiteindelik maar net voorspoedsteologie, wat daagliks al hoe verder verwyder raak van die gewone mens. Die mens wat swaarkry en sukkel, die mens wat voel dat daar uiteindelik ook nie vir hom/haar ’n plek in so ’n suksesvolle gemeenskap van gelowiges is nie. Tog in kontras met hierdie siening lees ons vandag se teksgedeelte. ’n Gedeelte wat hard en eerlik is oor die foute en sonde van die mens.

Maar ook ’n gedeelte wat eerlik is oor die waarheid van God se genade, Sy getroue selfs teenoor mense wat die glad nie verdien nie. Want uitiendelik weet ons ook dat niemand God se genade ooit sal kan verdien nie. Die uiteindelik groot waarheid van die geloof word so duidelik in Psalm 106 geopenbaar. Wanneer ons gelowig word of is, is die lewe nie eenvoudige een voorspoedige pad vol maanskyn en rose nie. Maar wanneer dit swaar en moeilik gaan. Wanner ons lei as gevolg van ons sonde, en ook die van ander mense. Ja, wanneer die nag swart en donker is en voel of dit net nie wil verbygaan nie, ook dan is ons steeds veilig in die hande van die Here.

Daar is uiteindelik ook gevangeniskap verlossing en genade vir U en my, kom ons loof en prys die Here daarvoor.

Amen